

## IS DAAR EENSTEMMIGHEID OOR DIE REGTE UITSPRAAK VAN DIE NAAM VAN DIE VADER EN DIE SEUN?

Dit kom as 'n taamlieke skok as 'n mens 'n bietjie ondersoek instel en ontdek hoeveel verskil van mening daar op die oomblik regoor die wêreld bestaan rondom die ware Name van die Vader en die Seun. En vir meeste van hierdie verskillende sieninge oor wat die Name eintlik behoort te wees, is daar baie goeie (in sommige gevalle selfs briljante) motiverings.

Ons het probeer om ons eie verstaan van die Name van die Vader en die Seun so suiwer as moontlik op Skriftuurlike oorwegings te grond en die resultate van grondige wetenskaplike navorsing in hierdie verband, deeglik in ag te neem. Ons moet onthou dat een van die grootste redes waarom die Name in die eerste plek oor soveel jare uit vertalings weggelaat en verander is, is omdat daar na mense se slim idees geluister is en nie na die suiwer Woord alleen nie. Dieselfde gevaar bestaan vandag weer - selfs by hulle (ons!) wat begeer om weer die Name in ere te herstel.

Die manier hoe 'n taal soos Hebreeus oor duisende jare ontwikkel het (en in die proses sekere veranderinge ondergaan het) maak dat 'n mens nie puntenerig en dogmaties kan wees oor hoe presies die Name van die Vader en die Seun uitgespreek behoort te word nie. Daar is egter sekere rigtingwysers wat 'n mens kan help en ek dink ons moet daarvan kennis neem.

Twee betroubare Skrifkenners uit die periode reg aan die begin van (en selfs vóór) die Christelike era, Theodoret en Epiphanius, het die Naam van die Almagtige in Grieks weergegee as Ἰαβέ. As 'n mens hierdie woord in ons eie letters moet oorskryf, met inagneming van die geskiedenis en ontwikkeling van die Antieke tale, moet dit as "Yahweh" getransliterer word.

Een van die mees erkende Hebreeuse Leksikons wat daar is, die een van Brown, Driver and Briggs, sê dat die "Yeho-" wat vooraan sommige eiename in die Skrif voorkom, die "-yahu" aan die einde van sommige eiename en die saamgetrekte ("korter") naam vir die Almagtige, "Yah" , is alles faktore wat daarop dui dat die oorspronklike uitspraak van die Vader se Naam waarskynlik "Yahweh" was.

Die gesaghebbende Jewish Encyclopedia gee ook voorkeur aan die uitspraak "Yahweh" en wys daarop dat in sommige antieke Samaritaanse gedigte die naam YHWH rym met woorde wat op dieselfde manier eindig as "Yahweh". Ook geskifte wat in Egipte gevind is, versterk die vermoede dat hierdie uitspraak korrek is.

In nog 'n Joodse Ensiklopedie, die Encyclopedia Judaica, word geskryf: "The true pronunciation of the name YHWH was never lost. Several early Greek writers of the Christian Church testify that the name was pronounced 'Yahweh.'"

In die The New Schaff-Herzog Religious Encyclopedia staan daar: "The pronunciation Yahweh of the Hebrew Tetragrammaton need no longer be based primarily on traditions preserved in late patristic sources. Both the vocalization yahwe and yahu (a shortened form used chiefly in personal names) are now confirmed by a variety of ancient New Eastern inscriptional materials from the first and second millennia B.C.E."

Al hierdie getuienisse dien vir my as bevestiging dat "Yahweh" die naaste is wat ons vandag aan die korrekte uitspraak van die Vader se Naam kan kom.

Daar is by my geen twyfel dat die Naam van die Messias dieselfde was as die naam van die bekende opvolger van Mosheh, wat die volk in die Beloofde Land ingelei het nie. Ook dieselfde as die naam van die hoëpriester wat 'n leidende rol gespeel in die terugkeer van die volk uit Ballingskap (van wie daar onder meer in Sag 3 en Sag 6 gepraat word). Daar is duidelike aanduidings in die Skrif self dat hierdie twee sleutelfigure se name dieselfde was as die Naam van

die Messias wat later sou kom - vgl. Shemot (Exodus) 23:21 en ZegarYah (Sagaría) 6:11-12. Die interessante is dat die Messias juis ook gekom het om sy volk uit Ballingskap uit te lei en in die Beloofde Land in te lei. Daar is dus nie net 'n ooreenkoms tussen die werk van hierdie twee leiers en die werk van die Messias nie, maar ook tussen die name van hierdie twee leiers en die Naam van die Messias. Die Skrif gee vir ons die oorspronklike Hebreeuse letters van hierdie naam: Y-H-U-SH-UA (die laaste letter is bykans onmoontlik om uit te spreek, maar die kombinasie van letters aan die einde van die woord, dui op die klank "ua"). Daar is 'n paar maniere waarop hierdie woord moontlik uitgespreek kan word (onthou, in hierdie vorm is daar nog geen klinkers by nie). Die mees waarskynlike moontlikhede is: Yehoshua, Yahushua, Yeshua en Y'shua. (Yehoshea of Yahoshea is nie 'n moontlikheid nie, omdat die Griekse vorm duidelik 'n "ou" as die voorlaaste klank het - uitgespreek as "oe" of "u" - en nie "e" nie).

As 'n mens na die Griekse woord kyk wat in die Nuwe verbond as Naam van die Messias gebruik word, dan is dit duidelik dat hierdie woord ("Iesous" - uitgespreek: "iehesoes") 'n poging was om die Hebreeuse letters van sy Naam een-vir-een in Grieks oor te sit. Die "poging" laat egter veel te wense oor, want die Griekse taal beskik nie oor al die letters waaroor die Hebreeuse taal beskik nie (daarom word 'n "I" in plaas van "Y" aan die begin, 'n "s" in plaas van 'n "sh" in die middel, en 'n "ou" in plaas van "u" teen die einde van die Naam gebruik). Verder was dit vir die Grieke belangrik dat 'n man se naam op 'n "s" moes eindig (terwyl die Messias se Naam beslis nie 'n "s" aan die einde gehad het nie). Daar is egter tog sekere leidrade in hierdie Griekse naam opgesluit en een daarvan is dat daar NIE 'n "u" of 'n "o" klank voor die "sh" in die gewone uitspraak van die Messias se Naam was nie. Dit beteken dat Hy waarskynlik nie as Yehoshua of Yahushua bekend gestaan het nie.

Verder is die tweede letter in die Griekse naam 'n "e" en nie 'n "a" nie. Die skep die indruk dat die Messias se tydgenote Hom as "Yeshua" aangespreek het en nie as "Y'shua" nie. Daar is sekerlik 'n moontlikheid dat dít die populêre uitspraak in die volksmond kon gewees het. Daar is selfs bewyse in die Ou Verbond dat daar 'n neiging was (veral in die periode na die ballingskap) om mense se name van "Yah...." of "Yahu...." of "Yeho...." in die alledaagse omgangstaal te verkort na "Ye...." of "Yo....". Die feit bly egter staan: Die Vader se Naam (Yah, as die korter vorm van Yahweh) was deel van die Messias se eintlike Naam, soos dit in die Ou Verbond in Hebreeus geopenbaar is en as ons werklik die volle betekenis van sy Naam wil eer ("Die Verlossing van Yahweh"), pas dit ons om Hom as "Y'shua" of as "Yahushua" aan te spreek en te verkondig. Laat ons egter onthou: Dis nie die "u" uitspraak in die middel van die Naam wat deurslaggewend is om die korrekte betekenis oor te dra nie, maar wel die "Yah" in die begin van die Naam - en natuurlik die "shua" aan die einde van die Naam wat die aspek van "verlossing" na vore bring.

Ek hoop hierdie paar paragrawe bring 'n klein bietjie duidelikheid. Ek wil glad nie te kenne gee dat dit die finale woord hieroor is nie. Maar ek is oortuig dat dit ons gesamentlike getuienis meer effektief gaan maak as ons groter eenstemmigheid het wanneer dit kom by 'n belangrike saak soos die Name van die Vader en die Seun. Hierdie eenstemmigheid sal nie kom as ons nie ten minste deeglik kennis neem van die breë konsensus en die betroubare getuienis wat daar rondom hierdie saak bestaan nie - veral daardie getuienis wat kom uit die mond van mense wat, histories gesproke, veel nader gestaan het aan die tydperk waarin die Skrif tot stand gekom het.